

God gee genoeg

Teks: Lukas 13: 6 - 9 & Sondag 4
Teksvers: Lukas 13: 9

1. Inleiding

Ons fokus vanaand op Sondag 4 van die Kategismus. En soms voel dit of Sondag 4 maar net Sondag 3 van die Kategismus wat ons laas week hanteer het herhaal. Wanneer ons egter die saak van nader ondersoek is hier nie 'n herhaling van die saak nie, maar 'n opbou van 'n argument. Of ontwikkeling in die saak. Kom ons probeer dit eenvoudig verduidelik.

Sondag 3 handel oor die natuur van die mens, met ander woorde hoe God die mens geskep het. Maar in Sondag 4 skuif die fokus aan. Die fokus is nou op die mens nadat hy so verdorwe geword het deur die sonde, dat hy tot niks goed in staat is nie. Die vraag in hierdie fokus gebied is dan of God nou onregverdig is om so verdorwe mens te straf? Of anders gestel "kan God nie maar die standaard so bietjie kan aanpas nie"? Niemand gaan tog in hierdie gebroke werklikheid voldoen aan die geregtigheid van God nie?

Dit is dan juis hier waar God se woord ook hard en duidelik met ons praat vanaand. Christus gebruik 'n gelykenis om die waarheid van God se geregtigheid en oordeel te openbaar. In hierdie gelykenis staan 'n vyeboom in wingerd uit. Die rede waarom hierdie vyeboom uitstaan, is die afwesigheid van enige vrugte.

Ons gaan dan vanaand 'n paar lyne trek vanuit hierdie gelykenis, wat ook ons belydenis soos verwoord in Sondag 4 gaan onderstreep. Want in God se hoë standaard, is daar steeds toorn en oordeel, maar daar is ook troos en hoop. Kom ons gaan kyk waarom die vyeboom nie onmiddelik op die plek uitgehaal en verbrand word nie. Wat beteken hierdie ekstra aandag aan hierdie vyeboom?

2. Goeie saad

Soos ons gesê het, voel Sondag 3 en Sondag 4 so nou verwant omdat die skuld in beide Sondagsafdelings voor die Here gelê word. Maar waar ons in Sondag 3 'n bewering van skepping met 'n bese doel sien, gaan dit in Sondag 4 oor kapasiteit. Die bewering dat die mens nie met genoeg kapasiteit geskape is om God se wil uit te voer nie. En dit is hier waar die boombeeld in ons gelykenis ook grondvat, as ons dit so kan stel.

Wanneer 'n wingerd vrugteboom aangeplant word daar met groot sorg na die saad gekyk. Selfs in die Bybelse tyd, voor navorsing op die gebied van DNS, is dit 'n bekende feit gewees. Saad met goeie veerkragtigheid in terme van opbrengs, met ander woorde vrugte is gebruik. Ons kan dus in die beeld van ons gelykenis sê dat die Man die beste saad in sy wingerd geplant het. En daarom was Sy verwagting in terme van vrugte aan die boom nie vergesog nie.

Dit is dieselfde met die mens. Soos ons laas week gesê het, het God die mens volmaak geskape. Daarom het die mens ook die kapasiteit of dan vermoë om God gehoorsaam te wees. Deur die verkeerde keuses oor die jare, raak die mens egter so afgestomp. Ons raak so dood in die sonde dat die regte keuse onmoontlik begin voel. Deur die nageslagte heen word die mense so deel van hierdie sondige wêreld dat die regte keuse eenvoudig nie meer gemaak kan word nie.

In die beeld van ons gelykenis kan ons sê dat die onkruid, of dorings en distels net so baie word. Dit verstrik en verstik dan uiteindelik die boom. Vandaar die aksie wat die tuinier voorstel. Spit om, haal onkruid uit en gee voeding. Op hierdie manier kan die kapasiteit mos verhoog word, of hoe.

3. Geen vrugte ondanks

Die verduideliking van vraag 9 uit ons ons kategismus kan soos volg opgesom word. Daar is nie 'n tekort aan vrugte as gevolg nie, maar 'n tekort aan vrugte ondanks. Kom ons verduidelik dit verder. Hierdie gelykenis gaan dan ten diepste oor die volk Israel. Die lieflingskind van die Here. Die volk waarmee Hy 'n verbond van die vroegste tye af gemaak het. Die volk wat Hy uit Egipte gered het en in 'n wêreldmoontheid verander het. Maar ondanks al hierdie seën en guns, is daar nie vrugte nie. Hierdie volk dra nie goeie vrugte tot eer van die Here nie, ondanks spesiale omspitting en bemesting.

En dit is wat ons ook bely in Sondag 4 oor die ganse mensdom. Die sonde gebeur nie as gevolg van 'n aanvanglike onvermoë by die mens nie. En daarom is dit nie onregverdig van God om ook die sonde te straf nie. Die afwesigheid van goeie vrugte by die mens is net so min God se skuld as wat 'n goed versorgde boom in die wingerd, sonder vrugte die eienaar van die tuin se skuld is.

Dit is belangrik dat ons in nederigheid hierdie posisie besef. God gee alles wat nodig is om Hom te dien. Maar ondanks alles is daar nog steeds niks vrugte nie. Die tuinier ons Here Jesus Christus kom pleit vir genade by God die Vader. Hy sal op die einde Sy liggaam en bloed as voeding vir die boom gee. Maar ons weet dat ondanks al hierdie moeite en opoffering 'n groot deel van die ganse mensdom steeds nie goeie vrugte sal dra nie.

Hoe moet God dan in Sy absolute heilige regverdigheid optree. Die antwoord is nie gewild vandag nie, maar dit is belangrik dat ons weer voor hierdie waarheid stil word.

4. Straf en barmhartigheid

Die optrede van God word in vraag 10 en 11 vir ons saamgevat. Dit is ook al deur die jare aan ons bekend as die uitverkiesingsleer. En dit is en bly die enigste verduideliking van hoe God heeltemal regverdig en ook heeltemal genadig kan wees. Dit behels beide regverdigheid en barmhartigheid. Ons kan dit soos volg verduidelik.

Die ganse mensdom het voor God gesondig. Ons ken die Romeine 3 uitspraak baie goed: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie. Daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Die ganse mensdom se verdiende loon is dus die toorn van God. Verdoemenis tot die ewige vuur van die hel. En dit help nie om verskoning te probeer maak, of versagtende omstandighede te probeer soek nie. Ons staan skuldig voor God.

Maar dan is God ook 'n liefdevolle barmhartige Vader soos ons Hom leer ken het. In hierdie barmhartigheid, kies die Here dan vir 'n groep mense uit die ganse mensdom uit om te red. Hierdie redding is baie duur en vra die offer van Sy eniggebore Seun aan die kruis. Iets wat ook gebeur. En dan kom die Here en maak sonder enige verdienste hierdie genade die erfdeel van mense wat dit nie verdoen nie. Hierdie mens is uiteindelik ons, wat uitverkies is. Ons waarin die Heilige Gees die geloof werk. Ons wat die genade van die Here in barmhartigheid ontvang, en daarom nie die straf en oordeel hoef te vrees nie.

In die beeld van ons gelykenis vanaand, is ons die onvrugbare boom waaraan opnuut spesiale aandag gegee word. Dit is wat met die uitverkiesde gelowige gebeur. In plaas van onmiddellik uitkap en verbranding, is daar omspit en bemesting.

5. Slot

Ons kan vanaand se leerpreek afsluit met die fokus op die einde van die eerste deel van die Heidelbergse Kategismus. Dit is die deel wat handel oor die ellende van die mens. Hierdie beskouing van die mens en sy wese is nie baie gewild vandag nie. Ons sien en beleef dit in die mens wat nooit verantwoordelikheid vir sy eie verkeerde optrede wil aanvaar nie. Dit is juis die duidelike tema van Sondag 3 en 4 gewees, soos ons gesê het.

Maar wanneer ons die fokus heeltemal uitdraai en die oorsaak van alle leed, smart en pyn ondersoek lê die fout nie by God die Vader nie. Nee dit is vierkantig voor ons as mense. Want hierdie dinge is die gevolg van die sonde. Dikwels individuele gedesentraliseerde sonde, maar veral ook kolletiewe sonde. Daardie eerste keuses wat mens al in Genesis maak, en die gevolg dat alle mense daarna geneig is om eerder vir die bose as die goeie te kies.

Tog is ons hier bymekaar omdat ons glo daar is iets beter. Daar is 'n antwoord, 'n beter antwoord. Die perfekte antwoord lê in die perfekte mens wat Sy lewe as offer vir ons kom gee, ons Here Jesus Christus. Want alhoewel God heeltemal regverdig is en nie die sonde ongestraf kan laat bly nie, weet ons Hy is ook barmhartig. En dit is net as gevolg van hierdie barmhartigheid dat daar ook die res van die Heidelbergse Kategismus bestaan. Sondagsafdelings waarin die verlossing stukkies vir stukkies uitgepak en verduidelik word. Waar ons as verlore sondaars hoop kry, omdat ons wedergebore in die Christus is. Vir ons gee God meer as genoeg, want Sy

barmhartigheid is groter as ons sonde
skuld.

Amen